[16]

KONTAK

VIR BETER VERHOUDINGS EN BEGRIP

07 Mei 1992

Dr Z.A.C. de Beer
Voorsitter van die Bestuurskomitee
KODESA
Posbus 307
ISANDO
1600

Gender Advisory

**i/s Advieskomitee vir Geslagsaangeleenthede**

Geagte Dr de Beer,

Alhoewel dit 'n bietjie laat mag wees wil KONTAK hiermee aansoek doen om permanente lidmaatskap van bogenoemde komitee.

KONTAK hou homself al sedert 1976 besig met die gelykberegtiging van die vrou en het oor die jare kundigheid op hierdie gebied opgedoen, en speel 'n leidende rol in die mobilisering van die vrou om haar plek in die samelewing vol te staan.

Tog is KONTAK nie - diskriminerend en is lidmaatskap ook vir mans oop sodat KONTAK deeglik van gelykberegtiging van mans bewus is.

Die feit dat KONTAK 'n nie-politieke beweging is, behoort nie 'n struikelblok te wees nie, aangesien die ANC, na ons wete, ook nie as 'n politieke party geregistreer is nie, maar sitting op KODESA as 'n Vryheidsbeweging het.

KONTAK werk al sedert 1976 binne bestaande strukture vir gelykheid en regverdigheid.

Indien KONTAK en ander bewegings soos KONTAK afgekeur word op grond van die feit dat hulle nie politieke partye is nie, sal daar weer na die ANC se deelname aan KODESA gekyk moet word.

Wat geld vir die een moet geld vir die ander in 'n demokratiese Suid-Afrika.

Ons sou graag sien dat nie-politieke groeperinge op al die komitees van KODESA sitting het, want slegs dan sal die werklike "Vox populi" gehoor word en sal alle Suid Afrikaners die nuwe strukture as hulle eie kan eien.

Ek hoor graag van u in hierdie verband.

HOOFKANTOOR: Leisk-huis 803, Breëstraat 195, Johannesburg 2001, Posbus 3246
Johannesburg 2000 ☎ 298996 of 298990 (voormiddag) Fondsinsamelingnommer 011000930004

Met vriendelike groete

Annemarie Nutt

Mev Annemarie Nutt
Nasionale Uitvoerende Raad
**KONTAK VIR BETER VERHOUDINGS EN BEGRIP**